

**15 April**

**Skrifgedeelte: 2 Johannes (NAV)**

**Fokusgedeelte: 2 Johannes:4-6 (NAV)**

**Wees sout met die sout van waarheid en liefde!**

Natrium is baie aktief en word nooit op sy eie in die natuur aangetref nie. Chloor is 'n giftige gas wat doodmaak. Saam is hulle natriumchloried – tafelsout – waarmee ons kos bewaar, beskerm en smaak gee, wonde skoonmaak en grond bemes.

2 Johannes leer ons dat liefde en waarheid ons natrium en chloor is. Liefde is soos natrium: dit soek altyd iets om mee te verbind en daarom is dit blind. Waarheid is soos chloor: op sigself is dit afstootlik, soms selfs giftig. Wanneer waarheid en liefde egter in 'n gelowige gekombineer word, het ons sout, ja, soos Jesus self gesê het, “die sout vir die aarde” (Matt 5:13). Met liefde en waarheid kan ons bewaar, beskerm, smaak gee, genees, kan ons die aarde verryk om goeie saad voort te bring.

Ons het die waarheid “dat Jesus die Christus is wat mens geword het” (vers 7). Ja, Hy is die Christus (Gesalfde), die Seun van God, gesalf tot Priester wat Hom vir ons geoffer het, tot Profeet wat sy waarheid aan ons verkondig deur sy Woord en Gees en tot Koning om oor ons te heers – altyd, oral. Glo jy dit? Dat jy reeds verlos is? Beskerm die waarheid dan, verdiep jou daarin, verkondig dit in wat jy sê, doen en dink, en leef daaruit en daarvolgens – in liefde vir God en vir mekaar, want dit is sy bevel (vers 5-6).

*Sing: Skrifberyming 21:5 Ds FW Leuschner (Wapadrant)*